

Die Oorsprong van Ons Gesange en

IV: SLOTARTIKEL OOR DIE GESANGE.

EEN van die bemindeste gesange van die Lutherse Kerk is „Was Gott tut, das ist wohlgetan” (Wat God doen is welgedaan). ’n Mens vind taamlik uiteenlopende aanduidings aangaande die oorsprong van die musiek, maar dit lyk nou taamlik seker, dat dit eers in die Nürnberg-gesangboek van 1690 verskyn het. Ten spyte van die uiters melodieuze wysie, het ges. 105, wat by ons op bogenoemde wysie gesing word, feitlik onbekend gebly. Dit is ’n geleentheidsgesang (Nagmaalgesang) vertaal uit die Duits van die agtiende-eeuse gesangdigter T. Hermes, maar dit skiet ver tekort by „Was Gott tut, das ist wohlgetan”, wat dringend vir die wysie van ges. 105 in Afrikaans behoort vertaal te word.

Gesang 109 word gesing op die wysie van die beroemde Duitse boetgesang „Sieh, hier bin ich, Ehrenkönig” (Ph. Zühlen se gesangboek 1698, woorde: J. Neander 1650-1680). Maar die gesang is by ons totaal onbekend.

Van die vier gesange (68, 154, 155 en 186) wat op dieselfde wysie gesing word, is die bekendste ges. 68, „Zalig, zalig niets te wezen”. Ons gesangboek gee die oerwysie aan as „Liebe, du mich zum Bilde” (Liefde, wat vir my tot voorbeeld), maar die Duitse kerk sing dit op glad ’n ander wysie uit die jaar 1644, terwyl ons wysie in 1693 ontstaan het en deur die Duitse kerk gebruik word vir die gesang van H. Held (1672-1737), „Komm, o komm, du Geist des Lebens” (Kom o kom, Gees van die lewe). Van ons vier genoemde gesange het 68 en 154 oorspronklike Nederlandse woorde, 186 is ’n vertaling van die Duitse woorde van J. G. Krahe en 155 word deur ons gesangboek aangegee as „naar I. Wats” (sic!). Daardie Wats is glo niemand anders as Isaac Watts (1674-1748) nie, ’n Engelse digter van ’n menigte gesangtekste; een-en-twintig van sy gedigte is in o.a. die „Oxford Hymn Book” opgeneem. Dit het my nie geluk om met sekerheid die Engelse oortekst van ons ges. 155 op te spoor nie, maar die inhoud stem nogal *mutatis mutandis* met „Jesus shall reign” ooreen. Wats is terloops ook verantwoordelik vir die Hallelujalied „Als ik by ’t kruishout” (When I survey the wondrous cross). Geeneen van ons vier gesange onder bespreking haal dit in bemintheid by gesang 68 nie; van ges. 155 is veral bekend „Zoo, zoo zien wij Godsrijk komen” (vers 5). Ges. 186 is ’n baie beminde begrafnisgesang, maar Ges. 154 is betreklik onbekend.

Die agtiende eeu beteken agteruitgang van die Protestantse gesange: ons mis die frisheid, vorsheid en manlikheid van die gesange van die sestiende en die sewentiende eeu, toe die heilsame invloed van Luther as digter en komponis nog ’n lewende krag was. Die eintlike gesangboek van die agtiende-eeuse piëtisme in Duitsland was dié van Freylinghausen (1670-1739) van Halle, waarvan belangrike uitgawes in 1704, 1714 verskyn het; later uitgawes het amper seshonderd liedere bevat! Die piëtistiese gesange word ook soms „Hallische Lieder” genoem, en baie van hulle is aan die universiteit van Halle gedig. Die gesange is dikwels van ’n baie elegante, melodieuze aard en omdat daar geen herinnerings aan die ou Gregoriaanse ritme meer te bespeur is nie, is hul melodieë vir ons moderne „homofoniese” oor ook baie verstaanbaarder.

’n Gesang wat blykbaar uit die gesangboek van Freylinghausen kom, is ons aandgesang „k Wil U, o God, mijn dank betalen” (ges. 180). So baie orreliste wat enigsins in sulke sake geïnteresseerd is, sal al opgemerk het dat ons koraal die melodie aangee as van C. P. Bach, die beroemde seun van die nog beroemder vader. Maar dit is totaal foutief, net soos ook die opskrif in ons gesangboek foutief is, waarvolgens die wysie dié van „O süßes Stand” is. Laasgenoemde wysie is ook bekend as „Wie gross ist

Psalms

deur

Dr. C. G. S. de Villiers

des Allmächtigen Güte” en is wel van C. Bach, maar dit is glad ’n ander wysie as die wat ons sing! Ons wysie, wat eens by so menige aandhuisgodsdienste oor die lengte en breedte van ons land weergalm het, is dié van die Duitse gesang „Die Jugend wird durchs Kreuz geübt” (Die deug word deur die kruis geoefen), en omdat dit die historiese datum 1704 dra, kan ons seker wees dat dit in die eerste uitgawe van Freylinghausen verskyn het; die melodie is ook uitgesproke agtiende-eeus. Op dié wysie word nog ges. 9 (vertaling van Duitse woorde van Münster) gesing; die laaste versie is baie bekend. Gesang 127 het oorspronklike Nederlandse woorde en leef veral as gevolg van die alombeminde laaste versie: „Wij willen need’rig Gode loven”. Die aandgesang self, Nederlandse woorde van Bruining, leef as geheel, maar veral versies 1, 3 en 5, wat volle volkskultuur geword het. Ges. 10 is nog ’n Freylinghausen-gesang (1704), ook met oorspronklike Duitse woorde, maar dit is feitlik onbekend.

In ’n vroeër artikel is reeds bespreek die volkslied-oorsprong van die wysie van „Middelpunt van ons verlangen”, wat vir gess. 21, 52, 120, 160 en 182 gebruik word. Die gesang kom tot ons van die Herrnhutte (Hernhutters) maar nie—soos ons maar alte geëerd sou gevoel het—deur ons kontak met die „Broedergemeente” in Suid-Afrika nie, maar blykbaar deur middel van die Lutherse kerk. Die datum vir die wysie word gewoonlik 1735 aangegee, en ons kan seker daarvan wees dat Litzau se datum 1640 asook die komponis H. Albert (1604-1651) verkeerd is. Ons gesangboek sê die oerwoorde is: „O gesegnetes Regieren” (O geseënde heerskappy). Die melodie is verbonde met daardie woorde in die beroemd geworde Hernhutterse koraalboek van C. Gregor, Leipzig, 1784, maar vir die Lutherse kerk is die wysie by uitstek dié wat geassosieer word met die sewentiende-eeuse gesang „O du Liebe meiner Liebe” (O Liefde van my liefde).

Ges. 21 leef vir die Afrikanervolk veral deur sy vierde versie: Diepe wijsheid zijn Uw paden. Die woorde is oorspronklik Nederlands. Ges. 52 is ’n Nederlandse beryming van die twaalf artikels en is baie minder prosaïes berym as ’n mens kon verwag het; ook geen wonder dus dat die gesang uiters bekend is nie. Ges. 120 staan by baie Afrikaners nommer een en is so vereenselwig met ons volkswese dat dit bo alle kritiek verhewe is. Myns insiens is ges. 160 ’n beter lied as ges. 52, omdat die woorde makliker singbaar is. Versies drie en vier leef nie, juis omdat die taal effens stroef en gekunsteld is—iets wat die volk instinkmatig weet. Feith, die digter, is soos gewoonlik aandoenlik, maar daar is geleenthede in die lewe wat met aandoenlikheid gepaard gaan. Gesang 182, ons bekendste begrafnisgesang, is gedig deur W. de Roo, en al sy versies is ewe bekend. Die gesang roep in die geheue van die Afrikaner herinneringe op van ou familiekerkhoeve op ons familieplase en van teraardebestellings van Afrikaners van die ou soort, wat met al hul foute en gebreke—waarvan geen geslag vry is nie—tog daardie tipe is wat Afrika aan die Afrikaner gegee het en die Afrikaner gemaak het wat hy vandag is. Die laaste versie, „Vrome vroeg gestorven vrienden”, neem by ons die plek in wat „Wenn ich einmal soll scheiden” by die Duitsers inneem: dit is die gesang wat as ’t ware gewy is aan die nage-

dagtenis van die afgestorwe lede van die familie, dus die ware Suid-Afrikaanse litanie.

In ges. 16 het ons die aristokraat onder ons nuwer gesange, die bekende „God is mijn lied”, ’n vertaling van die Duitse woorde van Gellert, „Gott ist mein Lied, er ist der Gott der Stärke”. Die melodie het ’n eenvoudige musikale ritme en beweeg hom in ’n baie beperkte toonhoogte: albei eienskappe van die beste Protestantse kerkgesange. „Gott ist mein Lied” word in die Duitse kerk op ’n wysie van Doles gesing, maar die wysie van ons kerk is volgens Litzau gekomponeer deur C. P. E. Bach (1714-1759); en omdat hy ’n baie bekende Gellert-komponis was, is dit waarskynlik juis. Maar omdat Litzau nie baie betroubaar is nie en o.a. die aandgesang ook aan dieselfde komponis toeskryf, kan ons nie seker wees dat ons kerk werklik die voorreg het om ’n wysie van C. Bach te sing nie.

Uit die agtiende eeu kom een van die allergeedstingende gesange in ons gesangboek: no. 60 (musiek deur J. Quantz 1697-1773, woorde deur Gellert). Die enigste ander agtiende-eeuse gesang wat ons as leengoed van die Duitse kerk het, is ges. 96, ons een-versie-gesang, wat nogal baie bekend en meer dramaties is as die meeste gesange. Die woorde is Nederlands (Rutgers). Volgens Litzau is die melodie reeds in 1735 gemaak maar dit verskyn in druk in 1784 in die koraalboek van die Hernhutters, die genootskap wat in Suid-Afrika algemeen as „Hernhutters” bekend is en aan wie ons boeremense in Bredasdorp en Caledon soveel te danke het as gevolg van die kontak met die sendingstasies op Elim en Genadendal. Die gesang wat in ons gesangboek as oervorm aangegee word: „Herr und Aeltster deiner Kreuzgemeine” (Heer en Oudste van U kruisgemeenskap) word nie (meer?) deur die Lutherse kerk gesing nie, maar die wysie bly bestaan vir die gesang „Eines wünsch ich mir vor allem,” wat dus die Duitse opskrif vir ges. 96 behoort te vervang.

Daar bly nou nog ’n paar gesange van Duitse oorsprong oor, die geskiedenis waarvan baie onseker is, omdat hulle in Duitsland buite gebruik geraak het en ook nie in resente werke oor die Protestantse gesange bespreek word nie. So is daar byv. die gesang „Auf dich, mein Vater! will ich trauen” (Op U, my Vader, wil ek vertrou), waarop ges. 19 en 45 gesing word. Soortgelyke gesange is nos. 44, 70, 119, 165 en 22. Die eerste twee is onbekende wysies, maar die laaste drie is belangrik. Op die wysie van „O Jesu, quell der Güteigkeit” (O Jesus, bron van alle goedheid) word ges. 119 en 165 gesing; laasgenoemde is ’n gesang op die herfs, wat maar meer kalenderbegrip in Suid-Afrika is, maar die eerste versie van ges. 119 „Ontsluit o Heer, ontvlam ons hart” is goed bekend.

En dan gesang 22, „Rus mijn ziel!” Hy het al as ’t ware die volk van Suid-Afrika geword; daar is geen woordjie meer wat nie intiemste volksbesit geword het nie. Die gesang is ’n eenheid en tog bevat dit ’n baie skerp kontras: die universeelheid en bestendigheid van God in teenstelling met die futiliteit van die mens se geestelike „Wanderlust”. Die melodie is ’n wonder van eenvoud en so vanselfsprekend as die groot werke in die natuur, so „herrlich, wie am ersten Tag”. Dit het ’n klassieke vorm en beweeg hom binne die perke van die sewe note van die sext. Ons gesangboek gee as oervorm aan „Glück zu, Kreuz von ganzem Herzen” (Van harte geluk, o kruis), maar dié gesang kom nie meer in die Duitse gesangboek voor nie, en dus was dit ’n baie moeilike taak om die geskiedenis van die wysie na te gaan. Daar is verskeie Duitse gesange wat nou nog op die wysie gesing word; die bekendste is „Ringe recht, wenn Gottes Gnade” (Stry dapper, as Gods genade). Volgens beste bronne het die melodie eers in 1740 ontstaan, wat ’n mens origins kon vermoed het uit die effens aandoenlike toon, wat kentekenend is van so baie agtiende-eeuse gesange.

(Vervolg op bladsy 67.)

Die Oorsprong van Ons Gesange en Psalms

(*Vervolg van bladsy 39.*)

En met „Rus mijn ziel” is die gesange van Duitse oorsprong in ons gesangboek afgehandel. Van die honderd-twee-en-negentig gesange in ons gesangboek is daar volgens die offisiese lys agt-en-vyftig wat oorspronklik Duitse woorde gehad het. Sulke gesange word dan aangegee as „naar Klopstock, naar Gellert of naar Mûnter” (ons gesangboek sê Munter.) ’n Volle dertig persent van ons gesange het dus, wat die gedigte betref, ’n Duitse oorsprong. Vier-en-negentig gesange het oorspronklik Duitse wysies: ’n goeie negen-en-veertig persent! Daar is seker maar min Afrikaners wat die persentasie so hoog sou geskat het. Vyf-en-sestig gesange word op psalmwysies gesing, sodat vier-en-dertig persent van die musiekkultuur van ons gesangboek Frans is. In werklikheid is die persentasie nog hoër, want ses gesange (drie persent) word op die wysies van Franse „cantiques” gesing, sodat sewen-en-dertig persent van ons gesange-musiek Franse kultuur verteenwoordig. En hoe staan dit met die Nederlandse kulturele erfgoed? Van net sewen-en-twintig gesange het die wysies in Holland ontstaan, d.w.s. ongeveer veertien persent. Om op te som: die verhouding van Nederlandse teenoor Franse en Duitse musiekkultuur in ons gesange is soos 14 : 37 : 49. Maar dié verhouding gee nog nie die werklike verhouding vir Suid-Afrika nie, want dit veronderstel dat alle gesange ewe bekend is en in ’n ewe groot mate godsdienstige en kulturele besit geword het — wat egter geensins die geval is nie. Elkeen wat ook maar selfs ’n oppervlakkige belang in sulke dinge stel, weet dat daar baie gesange is wat wel bestaan, maar nie leef nie: hulle vorm deel van die geskiedenis van die gesange, maar hoe dikwels nie van die geskiedenis van die Afrikaanse kultuur nie — om van die geskiedenis van die kerkmusiek glad nie eens te praat nie.

Wanneer ons aan twintig Afrikaners sou vra watter gesange nou werklik leef en ’n integrale deel van die Afrikaanse kultuur was en is, sal ons bepaald die ou spreekwoord bewaarheid vind, dat daar eweveel sinne as hoofde is. Maar daar is sekere gesange wat algar sal aangee, en dit is by hulle wat ons ’n oomblikkie wil stilstaan. Ons wil hulle bespreek uit die standpunt van die deursnee-Afrikaner, en veral nie uit die oogpunt van baie predikante nie, wat gesange opgee om hul gepastheid en nie om hul bekend-

heid nie. ’n Mens hoor so dikwels die bewering dat Suid-Afrika geen volksliedere besit nie. En tog is die bewering onwaar, want sekere gesange en psalms is ons volksliedere in ’n baie intiemer sin en vir ’n baie langer tyd as byv. die negentiende-eeuse volkslied „Die Lorelei” dit vir die Duitse volk is. Sommige gesange het selfs spreekwoordelik geword, sodat ’n mens vroeër dikwels „Heer, waar dan heen”, of „Getrouwe Leidsman”, of „Weet ik wat ramp my hier nog wacht” of „Mij naar alles stil te voegen” as uitroep in die gewone omgangstaal gehoor het.

Volgens my mening is gess. 20, 22, 58, 83, 120, 160, 180 en 182 die allerbekendste en allerbemindste in Suid-Afrika, en met uitsondering van ges. 20 en ges. 83, wat op psalmwysies (d.w.s. Franse) gesing word, is algar van Duitse oorsprong. In ’n tweede lys kan ons gess. 67, 84, 93, 130 en 189 plaas, wat in populariteit by die eerste lys baie min agter staan. Van hulle is drie weer Franse (psalm)wysies, een Duits en een (ges. 84) Nederlands. Laasgenoemde wysie vind ons weer terug vir ges. 28, wat ek onder lys drie plaas met gess. 12, 17, 23, 33, 43, 62, 65, 77, 158, 179 en 181. Van hierdie elf gesange sing ons een dus op ’n Nederlandse wysie, vyf op Franse en vier op Duitse wysies. Die orige gesang, „Mijn eerst’ gevoel” word uitsluitlik op ’n sogenaamde liederwysie van ’n my onbekende oorsprong gesing. ’n Vierde lys is saamgestel uit gess. 7, 26, 29, 39, 40, 49, 52, 68, 156, 161, 186 en 188. Van dié twaalf gesange word tien op Duitse en twee (gess. 7 en 49) op Nederlandse wysies gesing. ’n Woordjie ter verduideliking van die sortering van ges. 26 onder ons Duitse gesange, al sê ons gesangboek „Wijze: Psalm 130.” As ’n orrelis die gesang op die psalmwysie speel, sal die gemeente maar swak sing, omdat ons altyd die wysie van ’n Duitse gesang van Teschner (1613), „Valet, will ich dir geben” daarvoor gebruik, net soos ook vir die Hallelujalied „Er komt van Groenlands bergen”, wat ’n vertaling is van „From Greenland’s icy mountains” (gedig deur biskop Heber †1826). Na my mening is die wysie van „Verlosser vriend” (ges. 49) die beste gesangwysie wat ons van Nederland geërf het, alhoewel dit miskien te dramaties is vir diegene wat aan die statige koraal van die sestiende eeu gewoond is.

Daar is nog ongeveer vyftig gesange wat taamlik bekend is, maar m.i. almal baie minder as die ses-en-dertig gesange van die bogenoemde vier lyste, waarvan een-en-twintig van Duitse

oorsprong is, (+ 58 persent). Ons besef in die laaste tyd al hoe meer dat die Afrikaners ’n baie sterk Duitse inslag het — volgens die skatting van sommige, goed een-derde — en wanneer ons ons spesifieke Duitse erfgoed soek, kan ons niks egter en kosbaarder noem as ons gesange nie. Ek is ook vas oortuig daarvan dat die bietjie musikaliteit van die Afrikaner grootliks aan ons Duitse bloed te danke is, want die Hollanders en Franse het nie juis baie belangrike musiekgeskiedenis gemaak nie, en van die Engelse, deur wie ons konsuis ’n Europese musiekkultuur moet absorbeer, is dit ook onbillik om te verwag dat hulle moet gee wat hulle self nie besit nie.

Die lys van gesangdigters word in elke gesangboek gegee, maar ons soek by die oorspronklike Nederlandse digters vergeefs na een van dieselfde gehalte as Luther, Gellert en Klopstock. R. Feith is glo nogal ’n bekende Nederlandse digter, maar ’n mens sou dit nie gesê het as jy na sy gesange moes oordeel nie. Dit is haas onmoontlik om ’n greintjie inligting te kry aangaande die komponiste van die „Nieuwe Zangwijzen”, soos die in Nederland gemaakte gesangwysies in ons gesangboek aangedui word. Nogal snaaks, want by die aanvullende gesanglys, wat egter nooit in ons gesangboeke gedruk word nie en myns insiens geen groot verlies is nie, word die komponis meestal aangegee. Dit ly egter geen twyfel nie dat ons beste gesange ons oudstes is, en dit is juis hulle, wat soos in hierdie en voorafgaande artikels uiteengesit, oorspronklike Duitse of Franse melodieë uit die sestiende en die sewentiende eeu het.

Die artikels oor die gesange behoort eintlik afgesluit te word met ’n bespreking van die gesangritme, omdat dit so dikwels van gesaghebbende sy in Suid-Afrika beweer word dat ons gesange en psalms oorspronklik „met lang en kort note” gesing is, en dat wanneer ons hulle sing soos ons gewoond was en nog is, ons nie die ou kerkmusiektradisie eerbiedig nie. Gelukkig het ons gemeentes ten duidelikste te kenne gegee dat hulle van „kort en lang note” niks wil weet nie, omdat hulle instinkmatig voel dat daardie singwyse verkeerd is. Maar om my standpunt te verduidelik en te verdedig, sou ’n afsonderlike artikel vereis, waarin — as die tyd my dit leer — ’n mens miskien aan die hand kan gee dat ’n nuwe spesifiek vir Suid-Afrika opgestelde gesangboek uitgegee word, waarin gesange wat bestaan maar nie leef nie, uitgeskakel word; en nog belangriker, waarin die oorspronklike woorde van ons eerbiedwaardige sestiende- en sewentiende-eeuse gesange in ’n Afrikaanse vertaling herstel word.